
DEEL 115 | WEEK 16 | 21 APRIL 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR




# Heilbron wil deel word van Metsimaholo

Greater Heilbron Demarcation Task Team, het Vrydagmiddag met AfriForum ontmoet as deel van hul raadplegings- en betrokkenheidsvergaderings met verskillende gemeenskap belanghebbende organisasies om by hulle te pleit om geskrewe voorleggings te maak, ter ondersteuning van hul versoek aan die Munisipale Afbakeningsraad vir die herbepaling van die munisipale grense van Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit (FS203) en Metsimaholo Plaaslike Munisipaliteit (FS204) deur Heilbron uit die munisipale streek van Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit uit te sluit en dit in die munisipale gebied van Metsimaholo Plaaslike Munisipaliteit in te sluit.

Die afbakeningsraad het verskeie geldige redes voorgestel vir die vergadering. Die voorsiening van basiese dienslewering was heel bo aan die lys van redes. Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit het in sy mandaat versuim om basiese dienste aan Heilbron-inwoners te lewer, soos ononderbroke watervoorsiening, vullisverwydering, paaie, straatligte, verkeersbeheer, ens. Dit is hoofsaaklik omdat die munisipaliteit nie finansieel selfonderhoudend is nie en nie die nodige infrastruktuur en hulpbronne het om hul pligte aan sy inwoners uit te voer nie.

Deur gebrek aan infrastruktuur, hulpbronne en instandhouding, kan hulle nie die Heilbron-gemeenskap met gehalte dienslewering in 'n aanvaarbare tydsbestek bedien nie.

Deur Heilbron onder Metsimaholo bestuur te plaas, sal help om die voorsiening van dienste aan die gemeenskappe op 'n billike en volhoubare wyse te verbeter.

Byvoorbeeld, Heilbron het direkte toegang tot paaie na Sasolburg/Deneysville/ Oranjeville, alles binne 'n 60 km radius. Dit beteken 'n vinniger reaksie-tyd vir noodgevalle en dienslewering.

Die voorgestelde herbepaling sal help om klein dorpe soos Heilbron, Oranjeville en Deneysville wat swaar gebuk gaan onder ekonomiese druk, te laat herleef. Sasolburg sal dien as 'n groot kanaal na werksgeleenthede en ontwikkeling vir mense van Heilbron, wat Parys nie lewer nie.

Dit maak besigheidsgewys nie sin dat Heilbron-inwoners deur Metsimaholo Munisipaliteit moet reis om by die hoofkantoor van Ngwathe Parys te moet uitkom nie.

Die afstand tussen Heilbron en Sasolburg is net 57 km, terwyl Parys ongeveer 103km vanaf Heilbron is. Die pad wat Sasolburg en Heilbron koppel, is die R57 en die ander pad wat ons met Metsimaholo koppel, is die Deneysville (47.9 km)/Oranjeville (50.5 km) pad, die R716. Dit sal doeltreffende plaaslike regering moontlik maak aangesien Heilbron nader aan hul ankerdorp(e) en of hoofkantoor sal wees.

Verbruikers doen hul inkopies in elk van die betrokke dorpe in die die Vaal, met Oranjeville wat hul inkopies in Heilbron doen.

Hierdie voorgestelde skuif sal dooiepunte rondom die Heilbron-gemeenskap oplos.

Tydens 2007 was daar ook ȟ kwessie wat uit die afbakening spruit. Heilbronners en die munisipale afbakeningsraad wou graag hê dat die dorp van Ngwathe Munisipaleit onttrek. Dit het begin as ȟ vreedsame vergadering by Phiritona munisipale kantore wat later handuit geruk het. Optoggangers het geëis dat hulle deur die destydse burgermeester, Moeketsi Mosodi, toegespreek word. Die polisie wou niks hiervan weet nie. Die leiers van die optog was gearresteer. Rubberkoeëls en traangas was gebruik om die betogers onder beheer te bring. ȟ Tweede soortgelyke voorval was in 2018 waartydens die Shoprite U-Save gebou aan die brand gesteek en ȟ aantal openbare geboue gevandaliseer was. Dit is in die beste belang van Heilbronners dat die plaaslike munisipaliteit onder die beste bestuur moontlik geplaas sal word.









# Outisme - wat jy moet weet

• *Heilbron Kliniek*

Gevalle van outisme neem wêreldwyd toe. Tog is die simptome van dié toestand soms so vaag dat ouers en selfs medici nie altyd verstaan wat 'n kind makeer nie. Boonop is daar 'n groot gebrek aan opleiding asook onkunde wat outisme betref, wat dikwels verhinder dat dit reg gediagnoseer en behandel word. 2 April is Wêreld Outismedag. Hier is inligting wat ouers behoort te weet.

Outisme is 'n neurobiologiese ontwikkelingsteuring wat hoofsaaklik deur sosiale, kommunikasie- en gedragsprobleme gekenmerk word.

Op sosiale vlak weet kinders met outisme nie hoe om met ander te verkeer nie. Hulle speel selde met ander en hou hulself liewer eenkant besig met herhalende, soms eienaardige gedrag. Hulle kan ook nie ander se emosies en liggaamstaal verstaan nie en tree dikwels onvanpas op. Sowat 40% van outistiese kinders gebruik nooit woorde vir kommunikasie nie, of hulle manier van praat is eienaardig en herhalend. Baie verkies ook gebare, eerder as woorde, om te kommunikeer.

Wat gedrag betref kan outistiese kinders heeltemal obsessief raak oor 'n onderwerp of voorwerp, of hulle haak vas by 'n spesifieke ritueel. Soms voer hulle herhalende bewegings uit, soos om heen en weer te wieg, en hulle kan veral sensitief wees vir sekere klanke, reuke, teksture en selfs aanraking.

Om die situasie meer verwarrend te maak, is die term "outisme" omvattend vir vyf verskillende toestande wat in die outismespektrum val. Dit is:

• ***Outistiese versteuring:*** Die klassieke vorm van outisme waar kinders meestal in hul eie wêreld leef en nie eintlik op die buitewêreld reageer nie.

• ***Aspergersindroom:*** Lyers het 'n gemiddelde of bogemiddelde intelligensie en hul taalontwikkeling is gewoonlik uitstekend, dus kom baie ouers nie dadelik agter iets is verkeerd nie.

• ***Rett-versteuring:*** Byna net meisies ly aan hierdie seldsame toestand. Hulle sukkel om te kommunikeer, het eienaardige handbewegings, groei stadig, loop moeilik, en hul koördinasie is swak.

• ***Kinder-disintegrasie-versteuring:*** Kinders ontwikkel normaal tot op die ouderdom van twee of drie, en begin dan agteruitgaan. Hierdie seldsame vorm van outisme gaan soms met epilepsie gepaard.

• ***Omvattende ontwikkelingsversteuring:*** Dit sluit kinders in wat sommige maar nie al die simptome van outisme toon nie en is op baie kinders van toepassing.

Alles van besoedeling en dieet, tot die MMR-inenting teen masels, Duitse masels en pampoentjies is al as oorsake van outisme ondersoek, maar die oorsaak bly onbekend. Wat kenners wel weet, is dat outisme 'n lewenslange toestand is en teoreties nooit genees kan word nie.

**Gevaartekens**

Indien 'n kind - veral tussen die ouderdom van twee tot vyf - buitengewone kombinasie van die volgende eienskappe of gedragspatrone toon, moet dit met 'n spesialis bespreek word.

• Geen gesigsuitdrukkings en/of eentonige stemtoon.
• Ontwikkeling van spraak stadig, of praat glad nie.
• Reageer nie as jy met hom praat nie, lyk doof.
• Maak min of geen oogkontak.
• Verkies om op sy eie te speel.
• Swak verbeelding, sukkel om self met verbeeldingspeletjies te vermaak.
• Ingestel op fyn *detail*.
• Obsessiewe, herhalende gedrag, byvoorbeeld maak deure aanhoudend oop en toe.
• Eienaardige gedrag, byvoorbeeld wieg heen en weer.
• Gedrag waarmee hy homself kan beseer, byvoorbeeld kopstamp, byt, krap.
• Kan nie by vreemde roetines of rituele inskakel nie.
• Hou nie van fisieke aanraking nie.
• Baie sensitief vir klank of sensoriese prikkels, soos harde geluide, growwe materiale of helder ligte.

***Die diagnose:*** Die werklikheid is dat diagnose van dié toestand 'n gesin se lewe ingrypend verander, en dat dit hoë eise stel aan ouers ten opsigte van tyd en geld. Boonop is die simptome van outisme so wyd - en elke lyer se behoeftes so uniek - dat daar nie een enkele oplossing vir almal is nie.

Gelukkig ontdek navorsers elke dag meer oor hoe presies outistiese breine werk en kenners - veral dokters, terapeute en onderwysers - spits hulle toenemend daarop toe om meer van die toestand te leer. Dus hoef 'n diagnose van outisme nie 'n hopelose situasie te wees nie. Terapie, die regte opvoedkundige omgewing en professionele ondersteuning kan 'n reuse verskil in die lewens van outistiese kinders én hulle ouers maak.






# Uit die pen: Week 16 van 2023



My gryse ou moeder woon in 'n ouetehuis. Of soos my skoonma daarna verwys: 'n aftreeoord. Sy sou nooit soontoe getrek het nie. Kom ek verduidelik.

My ouers was vir (as ek reg onthou) 67 jaar getroud toe my gryse ou pa geval het. Ons het hulle in hulle Vrystaatse dorpie gaan haal sodat my ou pa by 'n regte-egte hospitaal kon uitkom. Die x-strale by die stadshospitaal het gewys dat daar geen frakture was nie. Hulle het twee weke by ons gekuier. Die dag voordat ons hulle sou terugneem huis toe, het my ou pa siek geword en is in die hospitaal opgeneem.

Ons het al ophou vra dat die twee oues planne moet maak om uit die groot huis te trek na 'n kleiner plek waar hulle beter versorg sou wees. Teen daardie tyd het hulle reeds vir 33 jaar in dieselfde huis gewoon het. Hulle wou van niks weet nie.

Vir ons kinders was dit regtig 'n krisis. Neem in ag dat twee kinders 300 km ver gewoon het en die ander een digby 850 km. Indien daar iets met hulle gebeur, sou dit ten minste vier ure geneem het totdat een van ons by hulle uitgekom het.

Toe my ou pa in die hospitaal opgeneem word, reël my goeie man dat my skoonma sy skoonma aftreeoord toe neem vir 'n besoek. (As jy nie verstaan nie, lees net gou weer die vorige stelling). Later die middag bel my ouboet: "Jou ma sê sy sal afreeoord toe trek." Ek sê jy lieg.

Later die aand sê my goeie man: "Jou ma sê sy sal aftreeoord toe trek." Ek sê dan lieg my ouboet nie.

My ou pa moes uit die hospitaal na 'n step-down kliniek toe gaan. Gelukkig het die aftreeoord so 'n kliniek gehad. My ou pa is dadelik daar opgeneem, en omdat hy daar was, kon my gryse ou moeder die hele waglys misloop. Sy kry, tien dae voor my ou pa se dood in die versorgingsdeel van die aftreeoord, 'n klein woonstelletjie.

Toe my pa in die versorging was, was daar 'n wonderlike span versorgers, susters en verpleegsters wat na hom gekyk het.

Onlangs het ek dit weer ervaar. Gryse ou moeder het (weer) geval en haar lyf was seer en moeg. Sy is vir twee weke na die versorging van die aftreeoord geskuif. Ek was verstom: die suster het 'n paar keer per dag by haar ingeloer. Die versorgers het haar help aantrek, vir haar gehelp om vanaf haar bed tot op die stoel te beweeg. In die aand het hulle die tralies van haar bed opgelig sodat sy nie uitval nie. (Nie dat dit haar gekeer het om self tot aan die onderkant van die bed te seil en uit te klim nie).

Ek gesels met suster Susan. Jy kan hoor dat die versorging van ouer mense haar passie is. En ek is dankbaar daaroor, want dit is nie my passie nie. Ek sal dit doen omdat ek moet, maar nie uit vrye keuse nie.

Sy kam die tannies en ooms se hare, sy trek hulle klere reg en jaag hulle aan om in die eetsaal te gaan eet, en nie die hele tyd in hulle kamers te bly nie. Sy praat met 'n sagte hart met elkeen van daardie mense (ek is so versigtig om die term "oumense" te gebruik, want anders voel iemand sleg.) Net om julle 'n idee te gee: my gryse ou moeder is 86 jaar oud.

Ek bewonder hierdie versorgingspersoneel. Net soveel as wat ek 'n grondslagfaseonderwyser (ja, dis een woord!) bewonder. Want dit is twee take wat ek net sal doen uit selfverdediging.

'n Vriendin werk by 'n kleuterskool waar daar daagliks snotneusies aankom, of een wat huil-huil afgelaai word. Dalk 'n kleuter met gedragsprobleme. Of een met 'n mamma of pappa wat daar is maar dalk nie daar is nie.

Hierdie onderwysers verander die lewe van hierdie kinders. Dis net ongelooflik! Behalwe vir die gedrag van die kind wat heeltemal verander word, leer die juffrou (of meneer, natuurlik) hulle vaardighede wat hulle moontlik nooit andersins sou geleer het nie.

Ek kan onthou dat juffrou Adri (ja, ek noem haar nou nog so, al is sy al 'n baie ou tannie en ek nie ver daarvandaan nie) vir my kort-kort 'n skêrtjie gegee het waarmee ons groepies prente moes uitknip. Ek het gedog sy gee dit net vir my om my besig te hou (wat dalk nodig was). Later sou my vriendin, wat ook 'n grondslagonderwyser was, vir my vertel het dat dit vir fyn motoriese beweging was.

Ek wil my verstout om te sê dat dit te danke hieraan is dat ek tans soos 'n maniak kan tik en redelik kan klavier- en kerkorrel speel.

Vandag se les is om dankbaar te wees vir hierdie twee groepe mense: die een groep help jou om die grondslag van die lewe te lê en die ander een help jou om jou laaste dae gemaklik en menswaardig deur te bring.

Ek het soveel respek vir albei van hulle. Hulle is engele wat menseharte aanraak met hulle liefde en omgee.

Dankie aan al die versorgers wat met liefde na ouer mense kyk. Dankie aan al die grondslagfaseonderwysers wat die fondasie by klein kinders lê.

Ek dink nie een van julle weet presies watter verskil julle in hierdie twee groepe mense se lewens maak nie. Nie net dit nie: julle maak 'n verskil in die hele gesin se lewe. Hulle weet verseker dat daar iemand is wie hulle kosbare familielid versorg en help so goed as wat hulle kan.

Ja, hulle kry dalk 'n salaris, maar ek kan my aandete daarop wed dat dit nie regtig is wat hulle verdien nie.

Dankie aan al die suster Susanne, juffrou Adries en meneer Tommies wat ons mense se kosbare lewens makliker maak.

# Elzette behaal tweede graad by NWU



Elzette Strydom het op 24 Maart 2023 haar Bachelor of Laws (LLB) aan die Noordwes Universiteit in Potchefstroom behaal. Sy is besig met haar klerkskap by Jansen Prokureurs, waar sy vir die volgende 2 jaar sal werk. Hierdie is haar tweede graad, nadat sy 'n BA Regte graad voltooi het, wat 3 jaar geneem het. Die LLB-graad het haar 2 jaar geneem om te behaal.

Elzette is nou 'n kandidaatprokureur en sal die toelatingseksamens moet skryf voordat sy as 'n volwaardige prokureur kan praktiseer. Haar eerste graad was 'n BA in Regte en Sielkunde. Hierdie graad het haar 'n goeie basis gegee om as prokureur te werk, veral omdat dit haar 'n unieke perspektief op reg en sielkunde bied.

As 'n kandidaatprokureur, sal Elzette onder begeleiding van 'n senior prokureur werk en praktiese ondervinding opdoen. Sy sal leer hoe om regsgedinge voor te berei, wetgewing te interpreteer, en kliënte by te staan. Dit is 'n belangrike tyd in haar loopbaan, want dit sal haar toelaat om die nodige vaardighede te ontwikkel om 'n suksesvolle prokureur te wees.

Elzette se prestasies tot dusver is indrukwekkend en dit is duidelik dat sy hardwerkend en toegewyd is aan haar loopbaan in die regte. Sy is 'n inspirasie vir jong vroue wat 'n loopbaan in die regte wil nastreef. Haar akademiese prestasies en praktiese ondervinding sal haar toelaat om 'n uitstaande prokureur te wees en 'n positiewe bydrae te lewer tot die regstelsel.

Elzette is 'n lewende voorbeeld van hoe harde werk en toewyding kan lei tot sukses. Sy is 'n voorbeeld vir enige persoon wat drome en doelwitte het wat hulle wil bereik. Haar prestasies is 'n herinnering dat dit nie net belangrik is om 'n droom te hê nie, maar ook om hard te werk om dit te bereik.

# Buitelander nou 'n Heilbron Held

Sultan Debiso, 'n buitelander van Ethiopië, het onlangs 'n held geword in die oë van Neels van Wyk en die mense rondom hom. Neels het Vrydagmiddag toesig oor 'n projek langs Vlaklaagte gehou toe 'n beweerde dwelmverslaafde naby hom kom staan en hom begin lastig val. Die man het homself aan Van Wyk opgedring en van sy iPhone beroof.



Van Wyk was geskok en verward, maar Sultan Debiso was nie bereid om net daar te staan en toe te kyk nie. Hy het dadelik agter die persoon aangehardloop en hom uiteindelik ingehaal. Met baie waagmoed het Sultan die selfoon gekry en aan Van Wyk terugbesorg.

Van Wyk was oorweldig deur die goeie daad van Sultan en het hom uitgebreid bedank vir sy heldhaftige optrede. Hierdie gebeurtenis het nie net 'n positiewe invloed op Van Wyk gehad nie, maar ook op die toeskouers. Dit het gewys dat daar steeds mense is wat bereid is om in te tree en te help wanneer dit nodig is. Met een klein daad kan ons 'n groot verskil maak in iemand anders se lewe en in die wêreld om ons.

*Op die foto vl: Neels van Wyk en Sultan Debiso*

# Troukoors



*George Roodt en Elsabé Nel is getroud op 15 April 2023 te Sôkêng Wild and Wedding Venue buite Groblersdal. George is die seun van oorlede George Snr, en Lenie Roodt in Heilbron. Elsabé is die dogter van oorlede Chris en haar ma is Rina Hattingh van Frankfort. Die egpaar vestig hulself in Groblersdal.*

# R64 000 vir herstel van vullistrok

Heilbron se inwoners sal moontlik nog langer moet wag voordat hul vullis verwyder word. Dit is reeds meer as drie weke sedert die swart sakke nie verwyder is nie as gevolg van die vullistrok wat herstel moes word. Die trok is na 'n werktuigkundige gestuur en volgens hom was daar heelwat goed wat vervang moes word op die ratkas. Alhoewel daar beweer word dat die trok reeds volledig herstel is, is dit steeds nie terugbesorg aan die Ngwathe Heilbron-munisipaliteit nie, omdat die volle bedrag van R64 000 vir die herstelwerk nog nie betaal is nie.

Dit het veroorsaak dat daar tans geen manier is om die gemeenskap se vullis te verwyder nie. Inwoners van Heilbron sit met 'n geweldige probleem. Die opghoopte vullis het 'n ernstige impak op die omgewing en die gesondheid van die gemeenskap. Die verantwoordelikheid berus nou op inwoners self om aan alternatiewe maniere te dink om hul vullis te hanteer totdat die trok terugbesorg word en die diens hervat kan word.

Hierdie probleem kan ook lei tot meer vrae oor die bestuur van gemeenskaplike dienste in die area. Inwoners van Heilbron moet egter nie die arms laat sak nie. Dit is belangrik om 'n plan te maak en saam te werk om 'n oplossing te vind wat die omgewing en die gesondheid van die gemeenskap help. Dit kan insluit om gesamentlik vullis te vervoer na 'n stortingsterrein, of om tydelike oplossings in huishoudings te implementeer.

**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY (FS203)**

**DRAFT ANNUAL BUDGET 2023/24- 2025/26**

The **Municipal Budget for the financial year ending 30 June 2024** is hereby published in accordance with Chapter 4, Section 22 of the Municipal Finance Management Act No. 56 of 2003.

In view of the aforementioned, the following table is a consolidated overview of the proposed 2023/24 Medium- term Revenue and Expenditure Framework.

**Table 1 Consolidated Overview of the 2023/24**

| R thousands | Actual Budget 2022/23 | Adjusted Budget 2022/23 | Budget year 2023/24 | Budget year 2024/25 | Budget year 2025/26 |
|---|---|---|---|---|---|
| Total Operating Revenue | 936,721 | 937,015 | 993,075 | 1,046,339 | 1,092,193 |
| Total Operating Expenditure | 1,012,124 | 1,012,417 | 1,059,423 | 1,161,084 | 1,215,330 |
| **Surplus/(Deficit)** | -75,403 | -75,403 | -66,348 | -114,745 | -123,137 |
| Total Capital Revenue | 135,279 | 135,279 | 141,235 | 174,273 | 181,956 |
| Total Capital Expenditure | 135,279 | 135,600 | 141,235 | 174,273 | 181,956 |

Total Operating expenditure for the **2023/24** financial year amounts to **R 1,059 billion**, the total Revenue amounting to **R 993,075 million** and translates into a budgeted deficit of **R 66,348 million** (this is due to including non-cash items, amounting to **R 66,348 million)**. The total Capital budget for 2023/24 financial year amount to **R 141,235 million** funded by national **grants**.

**The Council of Ngwathe Local Municipality, on the 31 March 2023, approved the Draft Budget 2023/24- 2025/256**
The copy of the draft budget is available on the municipal website
www.ngwathe.fs.gov.za

**Enquiries can be directed to:**

**T. Ngesi**
Acting Municipal Manager
mmadmin@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

**Themba Mpindo**
Acting Chief Financial Officer
mpindo@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

Pinky Mokoena
Acting Budget and Expenditure Manager
pinky@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
47 Cilliers Street, Heilbron
060 908 9009 | admin@solarvibestore.com
All Electrical & Solar Appliances available in store!
Orders placed with next day delivery
Solar installations & After Services

# Phitshana best speaker



*Phitshana obtained position one in public speaking, and a learner by the name of Tshosane Mokoena was the best speaker of the day in the intermediate phase, including Phiritona and Sediba-thuto, with learners of grades 8 & 9.*

# Huisie inkleur-projek se wenners




*Kleuterkasteel op Heilbron het R4 150 ingesamel tydens die huisie inkleurprojek. Milandie en Amore van Rooyen het die meeste kaartjies verkoop. "Baie dankie aan almal wat ons ondersteun het met die huisie-projek!"*
*Pryse soos volg: 1ste prys Lihan Myburgh, Leeutjie klas; 2de prys Amore Terblanche, Hondjie klas; en 3de prys Ava de Witt, Hasie klas, 4de prys Leane Hendriks. Baie geluk aan almal!*
*Op die foto: Bokkie Myburgh, skoolhoof. Voor links: Lihan Myburgh, Amore Terblanche, Leane Hendriks, Milandie en Amore van Rooyen (Ava de Witt het geslaap)*














WINKELURE
MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 -17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30 SATERDAE: 08:30 - 13:00
Herald
Office National
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033






# KENNISGEWINGS

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **JANSE VAN RENSBURG**
First names: **CONRAD JOHAN**
**ESTATE NUMBER: 6532/2022**
Identity/passport number: **430218 5112 089**
Date of death: **10/07/2022**
Last address: **74 Els Street, Heilbron, Free State, 9650**
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 21 April 2023 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Heilbron.
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**P.O. BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**Date submitted: 2023/04/12**
**Publication date: 2023/04/21**

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **011729/2021**
Surname: **Kriel**
First Names:
**Christina Susanna**
Date of Birth: **1934-02-13**
ID Number: **340213 0001 089**
Last Address:
**Huis Silwerjare, Petrus Steyn**
Date of Death: **2021-09-24**
Master's Office: **Bloemfontein**
Name of Executor or Authorised Agent:
**PROF ENGELA PETRONELLA DE CROM**
Address of Executor or Authorised Agent:
**c/o 993 Swartbaars Street, Garsfontein x11, 0081, gr@mpti.co.za**
Period allowed for lodgement of claims,
**if other than 30 days**
**ADVERTISER:**
**PROF ENGELA PETRONELLA DE CROM**
**ADDRESS: C/O 993 SWARTBAARS STREET GARSFONTEIN X11, 0081**
**gr@mpti.co.za**
**MAIL: gr@mpti.co.za**
**DATE SUBMITTED: 2023-04-14**
**TEL: 082 497 0044**
**PUBLICATION IN THE GOVERNMENT GAZETTE ON: 2023-04-21**

POSTNET HEILBRON
BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae: 08:00 - 16:30
Saterdae: 09:00 - 12:00
*Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006*

NAMPO
16 - 19 MEI
Kontak ons vir enige drukwerk, "OUTDOOR BRANDING", Skryfbehoeftes, Koöperatiewe klere, en vele meer ...
Herald Office National
Elsstraat 44, Heilbron
TEL: 058 85 23 033

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **PRETORIUS**
First names: **SUSANNA FREDRIKA**
**ESTATE NUMBER:**
Identity/passport number: **560810 0178 081**
Date of death: **29/10/2022**
Last address: **Plot 91, Weltevreden Settlement, Koppies Province Free State**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**In case of a marriage in community of property:**
First Names and Surname of Surviving Spouse:
**JACOB CHRISTOFFEL PRETORIUS**
Identity/Passport Number: **620731 5037 080**
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**P.O. BOX 205/591,**
**HEILBRON, 9650**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**REFERENCE: B0107/0530**
**TEL: 058 852 2035**
**Date submitted: 2023/04/13**
**Publication date: 2023/04/21**

"Form JJJ"

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of the certified copy of
**DEED OF TRANSFER TE2975/2021**
Passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY**
In favour of **ELIZABETH NOMANTSINTSI MOKOENA**
**Identity Number 590408 0575 085**
UNMARRIED
in respect of **ERF 2100 PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON,**
**PROVINCE FREE STATE**
**IN EXTENT 363 (THREE HUNDRED AND SIXTY THREE) SQUARE METRES**
which deed has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN (DEEDS OFFICE BLOEMFONTEIN) 85 NELSON MANDELA DRIVE, BLOEMFONTEIN CENTRAL, BLOEMFONTEIN, 9301 within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Bloemfontein this 18th day of April 2023.
**NAME OF APPLICANT:**
**LINDIE OTELIAH KOUPIS**
**EG COOPER MAJIEDT INC**
**17 THIRD AVENUE**
**WESTDENE**
**BLOEMFONTEIN**
**CONTACT DETAILS: 051 447 3374,**
**E-MAIL lindiek@egc.co.za**
**REF: LKOUPIS/CF/LJ1701**

GiG Technologies
Kerk str. 44 Heilbron
Tel: 087 527 6838
Cell: 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za
- Internet Service Provider
- CCTV & Alarm Installations
- Computer Sales & Support
Technology without the headache!

RIEMLAND JAGTERSVERENGING JAARPROGRAM 2023

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 13 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 13 MEI | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 3 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 08 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 09:00 |
| 12 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |




# DIENSTE • DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae -** 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

**JOB OPPERTUNITY**
**Werksgeleentheid vir naaldwerkster / Job opportunity for seamstress.**
**Whatsapp 083 234 9882**

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak **Hendie Lötter** by Tel: 058 852 3033 heraldnuus@heilbron.co.za

Herald Office National
NCR Printing
Book Printing
Design & printing:
Invoice books
Receipt books
Delivery books
Order books
Individually numbered
Duplicate, triplicate & more
100% OPERATIONAL

# SMALLS

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes) marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**
***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078
POSTNET HEILBRON

# HERALD

*Sport*



## HEILBRON GHOLFKLUB

Vrydag
21 April
om 19:00

JOKER-AAND
BOERPOT NOU
R15 699



## AP Kerk Heilbron Gholfdag

**22 April 2023**

**Pryse**
Skaap of Blesbok vleis pryse
Verskeie ander pryse
Vir nie – golfers
Blesbok en ander pryse

Heilbron Gholfklub
Besprekings: Gerrie Muller 083 6207018

Inskrywing: R 350 per speler
Formaat: Best drive Better Ball
Afslaan: 10:30 vir 11:00 (Shotgun start)

Halfwegete – Burger en skyfies
Aand – Steak-ete

## ANTRIO
Dry Cleaners & Laundry

Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
082 344 7005
016 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL



999=

## PANTUM
The New Era for Printing

P2512W
One Step Installation

*Now available at*

Herald Office National
44 Els Street • Heilbron
Tel: 058 852 3033

POS BESKIKBAAR IN HEILBRON

## SLAGHUIS BLOKMAN



### VEREISTES/KWALIFIKASIES:

- ALGEMENE GEWERKING VAN VLEIS
- VORIGE ONDERVINDING 'N VEREISTE
- KOSTEBEREKENING VAN PRODUKTE
- GOEIE HANTERING EN BESTUUR VAN PERSONEEL
- "HEALTH AND SAFETY" BESTUUR
- STERK ADMIN EN ORGANISASIE VERMOË
- KENNIS EN ONDERVINDING MET DIE PLAAS EN ONTVANG VAN BESTELLINGS

Dr Nthabiseng Matla
PR 0955566
068 596 2426 | 067 931 3542

DR NTHABISENG MATLA
HEALTH & WELLNESS CENTRE

Services Provided:

- Diagnosis and management of Acute and chronic conditions: Adults and children
- Antenatal and Post natal Care
- Women's health : PAP smears, Breast Examinations, Family Planning
- Immunizations and baby wellness services
- Men's health : circumcisions and Prostate screening
- Medical Reports and PDPs
- IV Vitamin Therapy
- Mental health and Counseling services
- Life and corporate coaching: (individual and group sessions)
- Contact and online sessions for all services
- We also do House calls on request

SCHOOL, WORK AND FAMILY CAN MAKE IT HARD FOR YOU TO FIND TIME FOR A DOCTOR. WE UNDERSTAND AND YOUR HEALTH IS IMPORTANT TO US

Dr. Matla dr_matlan

## WINKELURE

MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 -17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30 | SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033

## BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

## BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 24 APRIL 2023**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 25 APRIL 2023**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

REITZ: NOLLIE STEYN UITVERKOPING VAN MERINO/DOHNE TIPE SKAPE
11:00, plaas Gewin, Reitz
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

**WOENSDAG - 26 APRIL 2023**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

STANDERTON Vark veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

PARYS Maandelikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

REITZ Twee-weekliks veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

BETHAL: BETHAL FARMS & BONSMARA TYPE HERD DISPERSAL SALE
11:00, farm Elandsfontein, Bethal
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038

**DONDERDAG - 27 APRIL 2023**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DUNDEE Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

**VRYDAG - 28 APRIL 2023**

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

## OK Foods

**"Cashback" nou beskikbaar by elke betaalpunt wanneer jy meer as R100 aankoop, limiet van R1000 per kliënt.**

CASH BACK